



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
BYBELKENNISEKSAMEN – 2022

GRAAD 11 – VRAESTEL

BESTEK	
<i>Ou Testament</i>	<i>Josua 11; 23-24</i>
<i>Nuwe Testament</i>	<i>Lukas 24; Johannes 20-21</i>
<i>Les</i>	<i>Les 1–9</i>

Afdeling A – Josua 11; 23-24

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 hulle _____ se hakskeenserings moet jy afsny (Jos 11:6)
a) beeste b) perde c) kinders d) soldate
- 1.2 ...en hulle _____ met vuur verbrand.(Jos 11:9)
a) huise b) strydwaens c) landerye d) paleise
- 1.3 In die tyd het Josua omgedraai en Hasor ingeneem en sy koning _____
verslaan (Jos 11:10)
a) met die swaard b) met die banvloek c) na drie dae d) onmiddelik
- 1.4 Soos die Here, Moses sy kneg, beveel het, so het _____ aan Josua bevel
gegee? (Jos 11:15)
a) die Here b) die koning c) die priester d) Moses
- 1.5 Daar was geen stad wat met die kinders van Israel vrede gesluit het nie, behalwe....
die inwoners van _____? (Jos 11:19)
a) Gibeon b) Ai c) Jerigo d) Suid-Land
- 1.6 Josua het die hele Israel laat roep, sy _____ en sy hoofde en sy regters en sy
opsigters. (Jos 23:2)
a) priesters b) soldate c) oudstes d) wyses
- 1.7 En die Here julle God self sal hulle voor julle _____ en hulle voor julle
uitdrywe. (Jos 23:5)
a) verjaag b) vernietig c) verbrand d) met die banvloek tref
- 1.8 Waarby moet die volk vas bly staan volgens Josua? (Jos 23:6)
a) tradisies b) wetboek van Moses c) Josua se beloftes d) gewoontes
- 1.9 Wat sal die nasies vir Israel wees volgens Josua, ...en 'n strik? (Jos 23: 13)
a) vangnet b) 'n stryd c) vyande d) 'n klip
- 1.10 Wanneer sal die toorn van Here teen hulle ontvlam? (Jos 23:16)
a) as hulle bly oorlog maak c) as hulle trou met ander
b) as hulle nie kerk toe gaan d) ander gode dien

Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

Aäron; Isak; Esau; Moses; Josua; Israel; Jakob; Sigem; Egipte; Seir

- 2.1 **Jos 24:1** Daarna het A al die stamme van B byeen laat kom in C
- 2.2 **Jos 24:4** en aan D het ek E en F gegee en aan.....het ek die gebergte G gegee.
- 2.3 **Jos 24:5** Toe het ek H en I gestuur en J getref soos Ek dit daar gedoen het, en julle daarna het Ek julle uitgelei.

Vraag 3 Sê of die volgende Waar of Vals is. **Vul jou antwoord op die antwoordstel in:**

- 3.1 Israel het die ander nasies met die swaard verslaan en met die banvloek getref. (Jos 11:11)
- 3.2 Israel het slegs vir 'n kort tye vrede in die land gehad (Jos 23:1)
- 3.3 Israel mag nie met die ander nasies meng. (Jos 23:7)
- 3.4 Die Here tog het van die klein nasies verdrywe voor Israels(Jos 23:9)
- 3.5 Een man uit julle het duisende agtervolg. (Jos 23:10)
- 3.6 Hulle sal 'n angel in julle sye wees en dorings in julle oë totdat julle omkom uit hierdie goeie land wat die Here julle God aan julle gegee het (Jos 23:13)
- 3.7 Ek gaan vandag die weg van die ganse aarde.....nie een woord van die beloftes het onvervuld gebly nie(Jos 23:14)
- 3.8 Ek het 'n julle dan 'n land gegee waar julle nie gearbei en stede wat julle nie gebou het nie. (Jos 24:13)
- 3.9 Julle mag die gode wat julle vaders gedien het saam met die Here dien (Jos 24:14.)
- 3.10 Josua het 'n gesê dat hierdie klip sal getuie teen Israel wees (Jos 24:27)

Vraag 4 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 4.1 Josua en wie sou die Here dien? (Jos 24:15)
- 4.2 Waaruit het die Here ons en ons vaders laat uittrek?(Jos 24:17)
- 4.3 Wat het die volk gekies toe Josua hulle vra om te kies? (Jos 24:21)
- 4.4 Op die dag het Josua wat met die volk gesluit? (Jos 24:25)
- 4.5 Hoe oud het Josua geword? (Jos 24:29)

35 Punte

Afdeling B – Lukas 24; Johannes 20-21

Vraag 5 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 5.1 Op die hoeveelste dag van die week het die vroue na die graf gegaan. (Lk. 24:1)
a) eerste dag b) tweede dag c) derde dag d) vierde dag
- 5.2 Hoeveel manne met wit klere het by die vroue gestaan nadat hulle die graf leeg gevind het. (Lk. 24:4)
a) twee b) drie c) vier d) vyf
- 5.3 Wie van die dissipels het na die graf gehardloop nadat vertel was dat die graf leeg is? (Lk. 24:12)
a) Judas b) Petrus c) Jakobus d) Thomas
- 5.4 Na watter dorp was die twee manne op pad na die Paasfees in Jerusalem. (Lk. 24:13)
a) Kapernaum b) Nasaret c) Emmaüs d) Jerigo
- 5.5 Voltooi: Die twee manne het aan Jesus gesê dat hulle gehoop het dat Jesus die een was wat Israel sou _____. (Lk. 24:21)
a) verstaan b) regeer c) bystaan d) verlos
- 5.6 Wat het Jesus aan tafel gebreek toe hy saam met die twee manne was? (Lk. 24:30)
a) koek b) vis c) brood d) niks nie
- 5.7 Wat het Jesus gedoen toe die manne Hom herken het? (Lk. 24:31)
a) Hy het gelag b) Hy het niks gedoen nie
c) Hy het verdwyn d) Hy het vir hulle gebid
- 5.8 Waarheen het die twee manne gegaan na hulle ontdekking oor Jesus? (Lk. 24:33)
a) hulle is terug Jerusalem toe b) na die bure
c) hulle het net daar gebly d) hulle het gaan slaap
- 5.9 Wat was die reaksie van die dissipels toe Jesus skielik aan hulle verskyn het? (Lk. 24:37)
a) hulle was bly b) hulle was bang
c) hulle was hartseer d) hulle kon dit nie glo nie
- 5.10 Voltooi: Jesus het hulle sy _____ en sy voete gewys. (Lk. 24:39)
a) arms b) hande c) oë d) bene

Vraag 6 Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:

gebeur, vreemdeling, liggaam, Kleopas, oorgelewer, opgestaan, Lewende, gekruisig, doeke, huis

- 6.1 **Lk. 24:3** En toe hulle ingaan het hulle nie die **A** van die Here Jesus gekry nie.
- 6.2 **Lk. 24:5-6** ...Waarom soek julle die **B** by die dooies? Hy is nie hier nie, maar Hy het **C**.
- 6.3 **Lk. 24:7** Die Seun van die mens moet **D** word in die hande van sondige mense en **E** word en op die derde dag opstaan.
- 6.4 **Lk. 24:12** ...en toe hy neerbuk, sien hy die **F** alleen lê. En hy het weggegaan **G** toe, vol verwondering oor wat **H** het.

- 6.5 **Lk. 24:18** ...die een wie se naam I was, antwoord en sê vir Hom: Is U alleen 'n J in Jerusalem en weet U nie van die dinge wat in hierdie dae daarin gebeur het nie?

Vraag 7 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Die twee manne kon nie Jesus herken terwyl Hy saam met hulle gewandel het op pad nie. (Lk. 24:16)
- 7.2 Jesus het gebraaide vis en heuningkoek voor sy dissipels geëet. (Lk. 24:42)
- 7.3 Jesus het sy dissipels se verstand geopen om die Skrifte te verstaan. (Lk. 24:45)
- 7.4 Die dissipels moes in Jerusalem bly totdat hulle toegerus was met die krag uit die hoogte. (Lk. 24:49)
- 7.5 Maria het gedink dat Jesus 'n tuinier was toe sy na Jesus se liggaam gesoek het. (Joh. 20:15)
- 7.6 Jesus het op sy dissipels geblaas en gesê dat hulle die Heilige Gees moet ontvang. (Joh. 20:22)
- 7.7 Thomas was nie saam toe Jesus die eerste keer aan die dissipels verskyn het nie. (Joh. 20:24)
- 7.8 Jesus het weer aan die dissipels verskyn by die see van Galilea. (Joh. 21:1)
- 7.9 Die dissipels het weer baie vis gevang nadat hulle die net aan die regterkant van die skuit ingegooi het. (Joh. 21:6)
- 7.10 Die dissipels het 153 visse gevang toe Jesus aan hulle verskyn het. (Joh. 21:11)

Vraag 8 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 8.1 Op watter dag van die week het Jesus opgestaan? (Joh. 20:1)
- 8.2 Hoeveel keer het Jesus vir Petrus gevra of hy Jesus liefhet? (Joh. 21:15-17)
- 8.3 Petrus en Johannes het na die graf gehardloop. Wie het eerste by die graf gekom? (Joh. 20:4)
- 8.4 Jesus het die dissipels uitgelei tot by _____ waar Hy opgeneem is in die hemel. (Lk. 24:50-51)
- 8.5 Die twee manne wat saam met Jesus teruggestap het vanaf Jerusalem het getuig dat hulle harte _____ was toe Hy die Skrifte aan hulle verduidelik het. (Lk. 24:32)

35 Punte

Afdeling C – Les 1-9

Vraag 9 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 9.1 Tydens belydenisaflegging belowe ek om aktief aan die werksaamhede van die kerk deel te neem. (Les 1)
- 9.2 Die Bybel EN die belydenisskrifte het Goddelike gesag. (Les 2)
- 9.3 Die doel en waarde van die belydenisskrifte is om die suiwer leer te bewaar. (Les3)
- 9.4 Ons glo in Drie afsonderlike Goddelike wesens. (Les 4)
- 9.5 Die Raad van God is vrymagtig. (Les 5)
- 9.6 Ons kry 'n inwendige sowel as 'n uitwendige roeping. (Les6)
- 9.7 Ware bekering bestaan uit twee dele volgens die Heidelbergse Kategismus Vraag 88. (Les7)
- 9.8 Heiliges in die woord beteken om “afgesonder” te wees. (Les 8)
- 9.9 Ons grond ons sekerheid op die beloftes van God in sy Woord. (Les 9)
- 9.10 Die mens word geregtig deur die geloof en die werke. (Les 8)

Vraag 10 Vul ontbrekende woord op die antwoordstel in:

Heilige Gees, weg, Drie Enige God, Gees, loutere, geloof ,waarheid, onveranderlik, genade, sondaars

- 10.1 Jesus Christus het in die wêreld gekom om A te red. (Les 1)
- 10.2 Die B het die bybel skrywers geïnspireer. (Les 2)
- 10.3 Die Skepping is dus die werk van die C . (Les 4)
- 10.4 Die Raad van God is D . (Les 5)
- 10.5 Ek is die E en die F en die lewe. (Les 3)
- 10.6 Wedergeboorte is uit G H . (Les 6)
- 10.7 Ware I is gewisse kennis. (Les 7)
- 10.8 Die vlees begeer teen die J . (Les 8)

Vraag 11 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 11.1 Noem die drie Algemene Belydenisskrifte (Les 3) (3)
- 11.2 Noem die drie Besondere Belydenisskrifte. (Les 3) (3)
- 11.3 Noem een eienskap van die Raad van God. (Les 5)
- 11.4 Noem enige item van die Heilsorde. (Les 6)
- 11.5 Die Here gee aan Sy kinders twee nuwe goed. Noem dit. (Les 6) (2)

30 Punte

Totaal: 100 Punte